

Besies Maak 'n Plan!

(*Sphaerocoris testudogrisea* Bruin-gespikkelde stink-/skild-besie)



Twee verskillende nimfies lyk soos moderne glaskrale

Grondbesies lyk baie spektakulêr in vorm, bou en kleur - soms soort van "alien-"agtig- geverf in helder of vaal kleure, metaalglansend tot amper onsigbaar dofvaal teen die agtergrond. Hier was die Skepping besig met kunstige skepseltjies, juwele in die diereryk. Dis dan ook geen wonder, dat een besie na Picasso vernoem is nie. Die patrone en kleurkombinasies lyk na kunswerke uit die boonste rakke!

Wat is die bedoeling met hierdie kunstige versierings? Dis selfbeskerming deur kamoeflering of afskrikking deur aandag trek met helder kleure en patrone.



nog 'n anders geverfde nimf

Vir die versekering van die voortbestaan vir hierdie soort besie, die **bruin-gespikkelde stinkbesie** (***Sphaerocoris testudogrisea***), het hulle hulle uiterlike voorkoms so aan die agtergrond aangepas, dat hulle ongestoord kan vreet en feitlik onsigbaar is teen die agtergrond waarop hulle sit. Dit word *mimese* of *mimesis* genoem (om-nie-gesien-te-word) Die kleurvariasies binne dieselfde soort op die hele Afrika-kontinent is geweldig; dit is vanaf baie ligte beige tot donkerbruin en partykeer is die patrone (Muster) duidelik sigbaar, partykeer slegs aangedui.



Besie lyk soos blombodem



So gesien maak die strepies sin, boots sade teen gelerige agtergrond na



So gesien maak die strepies sin, boots die spasies tussen die sade se hare na

'n Ander strategie is die stank of geur wat hulle afsonder; dit dra die boodskap: **Los vir my uit! Ek stink en smaak nie lekker nie** of **is giftig!**.....ons ken almal die reuk van die groen stinkbesie.

Die lewenskringloop van besies algemeen verloop soos volg:
Eiers word op 'n gepaste plek gelê, in hierdie geval die Vernonia-blombodem.
Na ongeveer 56 dae kom die klein nimfies uit.

Soos hulle groei, verveel hulle tot hulle uitgegroeï is en self kan reproduceer. Hulle maak nie papies nie! Dan begin die kringloop van voor.



Eiers, volwasse besie en Vernonia-saadjies



drie kleurvariasies van **dieselfde** soort besie

Plantsuiende besies kan groot skade in tuine en/of plantasies veroorsaak; (koue winters is daarom belangrik, dit verminder die populasie).

Daar is ook bloedsuiende en roofbesies wat nie van plantsap lewe nie.

Ons sien gewoonlik die grondbesies (terrestrial bugs), hulle lewe op die grond en **word meestal op plante gesien**. Of hulle suig plantsap, of hulle wag vir prooi (ander insekte bv.)

Wat is die nut van besies in die ekosisteem?

Al klink dit nie oortuigend nie, maar hulle **het** 'n belangrike funksie: hulle vorm deel van die voedselketting. Omdat hulle insekte is, is hulle as "kospakkies" waardevolle energie-, proteïen- en vetdraers. Hulle word deur roofinsekte, spinnekoppe, voëls en insekvretende soogdiere gevreet.

Hulle speel ook 'n belangrike rol in die bestuiwing van plante.

Ook word hulle soms deur ander diersoorte gebruik om *die* te beskerm teen vyande (hulle "stink die vyand weg")

As jy eers begin lees oor en kyk na hierdie (baie groot) groep diertjies, staan jy verwonder oor die veelvuldigheid in voorkoms, gedrag en oorlewingsstrategieë daarvan!



Inligtingsbronne: Dr. John Irish (**dankie**)

Field Guide to Insects of Southern Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan Weaving)

www.motherearthnews.com/nature-and-environment/wildlife/importance-of-insects-ze0z1205zsie.aspx

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Julie 2016